Hoofstuk 27 Die Mier / Surah An-Naml

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

1. Ta, Sin. Hierdie is die verse van die Koran, wat duidelik en verstaanbaar is,

2. wat leiding en goeie nuus gee aan die gelowiges

3. wat die Aanbidding instel en die Armebelasting betaal en wat glo in die Hiernamaals.

4. Wat betref diegene wat nie glo in die Hiernamaals nie, Ons het hul optrede vir hulleself aantreklik gemaak. Gevolglik dwaal hulle af van die regte weg af en leef nie meer binne die wil van Allah nie.

5. Daardie is die mense wat die ergste straf verdien en wat die ergste verloorders is in die Hiernamaals.

6. Mohammed, dit is verseker ‘n wyse en kundige Wese wat vir jou die Koran gee.

Moses sien die brandende bos

7. Onthou toe Moses vir sy gesin gesê het: “Ek het ‘n vuur opgemerk. Ek gaan kyk wat daar aangaan en sal dan vir julle kom vertel, of ek sal ‘n gloeiende kool vuur saambring vir julle, sodat julle julleself daarmee warm kan maak.”

8. So, toe Moses naby die vuur kom, toe hoor hy ‘n stem: “Geseënd is die een wat in die vuur is en die wat rondom die vuur is. En rein is Allah, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde. (K20:10-14)

9. Moses, feit is: EK IS Allah, die Magtige, die Wyse.

10. En gooi neer jou stapstok.” So toe Moses sien dat sy stapstok beweeg so asof dit ‘n slang is, het hy teruggestaan, sy rug op die slang gedraai te bang om agter hom te kyk. “Moses, moenie bang wees nie. Ek is van so ‘n aard dat die boodskappers nie bang is vir My nie,”

11. behalwe vir diegene wat verkeerd optree. Maar vir diegene wat, nadat hulle die verkeerde gedoen het, die goeie doen, vir hulle is Ek Meesvergewend, Baiegenadig.

12. En steek jou hand voor by jou hemp in, en as jy dit uittrek sal dit wit wees, sonder dat dit siek is, as een van die nege tekens wat ek na Farao en sy mense toe stuur. Waarlik hulle is ‘n sondige volk.

13. So het Ons tekens toe na hulle toe gekom om hulle oë oop te maak, en hulle het gesê: “Hierdie is baie duidelik towerkuns.”

14. En die Egiptenare het die kinders van Israel die reg ontsê om weg te trek uit blatante onreg en astrantheid, alhoewel hulle in hulle harte geglo het dat die kinders van Israel se geloof in Allah reg is. Kyk dan nou wat nagevolge van die optrede van kwaaddoeners was.

15. En net so het Ons kennis aan Dawid en Salomo gegee. En hulle het gesê: “Alle lof kom Allah toe wat ons bo baie van Sy gelowige diensknegte laat uitstyg het.”

16. En Salomo het van Dawid se karaktertrekke geërf en gesê: “Ons volk, ons is die taal van die voëls geleer en is iets van alles gegee: ons is baie geseënd. Dit is duidelik die guns en seëninge van Allah teenoor ons.”

17. En aan Salomo is ‘n menigte vanuit die Jin en die mensdom en die voëls as leërmagte gegee, wat almal onder sy beheer was,

18. en hulle die vallei van die miere bereik het en een van die miere gesê het: “Miere, gaan terug in julle neste in, sodat Salomo en sy leërmagte julle nie onwetend vertrap nie.”

19. Salomo glimlag toe oor dit wat die miertjie sê, en bid: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, stel my instaat om dankbaar te wees vir die guns wat U aan my en my ouers bewys het en dat ek die goeie dinge doen waarvan U hou. En maak my, deur U genade, een van U diensknegte wat net goeie dinge doen.”

20. Op ‘n keer het Salomo gekyk of al die voëls teenwoordig was en gesê: “Is dit net ek, of is die Hoephoep nie hier nie. Ek sien die Hoephoep is weg.

21. Ek gaan hom swaar straf omdat hy nie hier is nie tensy hy vir my ‘n goeie verskoning kan gee.”

22. Nie lank daarna kom die Hoephoep toe en sê vir Salomo: “Ek het iets ontdek waarvan jy nie weet nie, en het aan u inligting gebring van Skeba af.

23. Ek het gesien dat die mense van Skeba deur ‘n vrou regeer word, en sy het alles wat sy nodig het asook ‘n groot troon.

24. Ek het ook gevind dat sy en haar volk laag die son neerkniel in plaas van voor Allah, en die Satan het dit wat hulle doen vir hulleself goed en mooi gemaak en hulle weggehou van die weg af, so hulle volg nie die regte weg nie,

25. met ander woorde, hulle kniel nie voor Allah neer nie.

26. Allah is die Een wat dit wat in die hemele en die aarde versteek is, voortbring, en wie weet wat die mens wegsteek en wat die mens openbaar maak! Daar is geen god as net Hy nie, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die Groot Troon.

27. Daarop het Salomo vir die Hoephoep gesê : “Ons sal sien of jy die waarheid praat en of jy een van die leuenaars is.

Salomo laat ‘n brief aflewer by die Koningin van Skeba

28. Vat hierdie brief van my en gaan lewer dit by hulle af, en bring dan vir my terug wat hulle ookal terugstuur in antwoord op my brief.”

Die Koningin van Skeba lees die brief

29. Nadat die koningin van Skeba toe die brief van Salomo ontvang het, het sy vir haar amptenare gesê: “Geagte Ministers en Generaals, ‘n amptelike skrywe vanaf ‘n Staatshoof is pas by my afgelewer.

30. Dit kom van Salomo af, en dit lees soos volg: ‘Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

31. Moenie teen my in opstand kom nie, maar kom hier na my toe in onderdanigheid.’”

32. Die Koningin raadpleeg toe haar regeringshoofde: “Ministers en Generaals, bedien my met raad ten opsigte van hierdie aangeleentheid voor hande. Ek wil nie graag oor enige saak besluit sonder dat ek julle eers daarin geken het nie.”

33. Haar regeringshoofde sê toe: “Ons is magtige en taai vegters, maar hierdie besluit lê by u: ons is van mening dat u self moet besluit watter opdrag u in hierdie verband wil gee.”

34. Die koningin beredeneer toe die saak: “Dit is ‘n feit dat wanneer konings ‘n dorp binnegaan, hulle gewoonlik wanorde saai en die geëerde inwoners van die dorp verneder: dit is die praktyk van die dag.

35. Maar ek gaan dit anders doen: ek gaan vir Salomo en sy mense ‘n geskenk stuur en dan hoor wat sê my gesante, hoe het hulle gereageer.”

36. So, toe die afvaardiging van die koningin by Salomo kom, sê hy: “Het julle gedink dat julle my kan help deur vir my ‘n finansiële geskenk te gee wat my sal beïndruk? Wat Allah aan my geskenk het is vêr beter as dit wat Hy aan julle gegee het. En julle is so trots op julle geskenk aan my.

Salomo verklaar oorlog teen die koningin van Skeba

37. Gaan terug na diegene toe wat julle gestuur het, en ons sal na hulle toe kom met leërmagte waarteen hulle nie bestand sal wees nie, en hulle daar uitdryf in vernedering en skande.”

38. Daarop sê Salomo vir sy regeringshoofde: “Geagte Ministers en Generaals wie van julle sal haar troon na my toe bring nog voordat hulle na my toe kom in onderdanigheid?”

39. Een van die sterk waagmoedige Jinn bied toe aan: “Ek sal dit na u toe bring nog voordat u opstaan waar u sit: ek is net reg vir die taak want ek is sterk en betroubaar.”

40. Iemand anders met kennis van die geskrifte sê toe ook: “Ek sal dit in ‘n oogwink vir u bring: as u maar net sien is dit hier” So, toe Salomo die troon voor hom sien staan, sê hy: “Hierdie is een van die seëninge wat Allah aan my skenk, ‘n guns van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer om my te toets om te sien of ek dankbaar of ondankbaar is. Wie ookal dankbaar is, is dankbaar tot sy eie voordeel en wie ookal ondankbaar is, moet weet dat sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer sonder behoefte is en nie van sy dankbaarheid afhanklik is nie.”

41. Toe sê Salomo: “Vermom die troon sodat die koningin van Skeba wanneer sy hier kom dit nie sal herken nie, en dan kyk ons of sy die

waarheid agterkom en of sy een van die is wat geen leiding ontvang nie."

42. So, toe sy arriveer is aan haar gevra: "Lyk jou troon soos die een?" waarop sy antwoord: "Wel, dit lyk baie dieselfde" Salomo merk toe op: "Ons het voor haar kennis ontvang, en het onsself reeds aan Allah onderwerp."

43. Sy was voorheen daarvan weerhou om haar te onderwerp deur dit wat sy naas Allah gedien en aanbid het. Sy was inderdaad deel van 'n ongelowige volk.

44. Toe is aan haar gesê: "Gaan die paleis binne." En toe sy die die paleis sien, het sy gedink dit was lopende water en het die klere aan haar bene uitgetrek. Toe sê Salomo: "Die paleis is gemaak van glas." Die koningin sê toe: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer ek het myself verseker verontreg, en ek onderwerp myself nou, saam met Salomo aan Allah, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde."

Salie die boodskapper na Thamoed

45. Verder het Ons na die mense van Thamoed hulle broer Salie gestuur, om vir hulle te sê: "Aanbid Allah." Toe het hulle skielik onverdeeld geraak in twee groepe en met mekaar gestry.

46. En Salie het vir hulle gesê: "My volk, hoekom soek julle eerder na moeilikheid as na die goeie: nou vra julle dat die straf waaroor julle gewaarsku word, dan maar moet kom, maar julle pleit nie by Allah om genade nie? Hoekom vra julle nie vir Allah om vergifnis, sodat julle genadig behandel kan word, nie?"

47. Toe antwoord hulle hom: "Kyk, ons beskou jou en die wat saam met jou is as 'n slegte voorteken: ons sien niks goeds in jou en die wat saam met jou is se gesigte nie: julle bring net moeilikheid." Maar Salie sê: "Wat met julle gebeur word deur Allah bepaal, en Hy sal julle straf vir julle gesindheid. Die waarheid is egter dat julle getoets word om te sien of julle gehoorsaam gaan wees of nie."

48. En daar was nege mense in die stad wat oral kwaadgedoen het en nie dinge reggestel het nie.

49. Hulle sê toe vir mekaar: "Kom ons neem 'n eed teenoor mekaar dat ons, sowaar as Allah, vir Salie en sy gesin in die nag gaan aanval en dat ons dan aan sy erfgenaam sal sê: "Jy kan ons glo as ons sê: ons het niks gesien met betrekking tot die dood van Salie en sy familie nie."

50. So het hulle 'n plan beraam en Ons het 'n plan beraam, waarvan hulle nie eers bewus was nie. (*K43:79)

51. En kyk nou net na die gevolge van hulle plan, hoe Ons hulle en hulle volk almal saam uitgewis het.

52. Daar sien jy nou hulle huise leeg staan as gevolg van hulle oortredings. Waarlik in hierdie verhaal is daar 'n boodskap en bewyse vir 'n volk met kennis.

53. En Ons het diegene gered wat geglo het en wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het.

Lot

54. Ons het Lot na sy mense toe gestuur om vir hulle te gaan sê: "Doen julle hierdie skaamtelose daad terwyl julle kan sien dat dit skaamteloosheid is?

55. Is dit regtig waar dat julle seksuele toenadering soek by ander mans in plaas van vrouens? Nee sowaar, julle is 'n volk wat dade van onkunde pleeg."

56. En die antwoord van sy mense was net maar: "Verban Lot en sy familie uit julle dorp uit. Hulle is mense wat heeltemal te fanaties en oorreageer ten opsigte van reinheid."

57. So het Ons toe vir Lot en sy gesin gered, behalwe vir sy vrou. Ons het dit so bestem dat sy een van die sal wees wat agterbly.

58. En Ons het 'n "reën" op hulle laat neerreën. Verskriklik was die reën op diegene wat gewaarsku was.

59. Mohammed sê vir hulle: "Alle lof kom Allah toe, en vrede vir die van Sy diensknegte wat Hy uitgekies het." Is Allah beter of dit wat hulle met Hom as vennote assosieer?

60. Of die Een wat die hemele en die aarde geskape het en wat dit laat reën? Toe het Ons tuine laat groei, in volle prag. Dit was nie binne julle vermoë om die bome te laat groei nie. Is daar enige god soos Allah.? Nee, maar hulle is mense wat ander aan Allah gelykstel.

61. Of die Een wat die aarde 'n plek gemaak het om op te vestig met riviere daartussen en berge om dit stewig te maak, en met 'n skeiding tussen twee waters, die een sout en die ander soet. Is daar enige god saam met Allah wat Hom help en wat kan doen wat Hy doen? Nee, maar meeste van hulle besef dit nie wanneer hulle ander aan Allah gelykstel nie.

62. Of die Een wat reageer teenoor 'n hulpelose mens wanneer so iemand tot Allah bid, en wat daardie mens se probleme dan uit die weg ruim, en van julle verteenwoordigers op die aarde maak nie? Nee, maar julle leer niks uit hierdie lesse nie.

63. Of die Een wat jou lei deur die dieptes van donkerte op land en op see, en wat die wind met goeie nuus voor Sy genade, die reën, uitstuur? Is daar enige god saam met Allah. Allah is vêr verhewe bo die godslastering wat hulle pleeg.

64. Of die Een wat die skepping geïnisieer het, wat dit kan reproduseer, en wat vir julle voorsiening maak vanuit die lug en die aarde met water en plantegroei. Is daar enige god saam met Allah? Mohammed sê vir hulle: "Bring julle bewyse as julle die waarheid praat."

65. Mohammed sê ook vir hulle: "Niemand in die hemele en op die aarde dra kennis oor die Ongesiene nie behalwe Allah." En hulle weet nie wanneer hulle weer uit die dood opgewek sal word nie.

66. Die waarheid is dat hulle kennis oor die dinge beperk is, en dat hulle dit eers in die Hiernamaals sal verstaan, nie dat dit hulle dan veel sal help nie. Want hulle is daaroor ook in vertwyfeling. Hulle is soos blindes wanneer dit kom by die dinge.

67. En die ongelowiges se reaksie was: "Wil jy vir ons sê dat wanneer ons en ons voorvaders stof geword het, ons werklik weer sal lewe?

68. Hierdie belofte van die opstanding was aan ons gemaak soos wat dit ook aan ons voorouers gemaak was. En dit is niks anders as antieke verhale nie."

69. Mohammed sê vir hulle: "Reis deur die land en kyk wat was die lot van die sondaars."

70. En moenie jammer voel vir hulle nie en moenie dat dit wat hulle beplan jou keer nie.

71. Die ongelowiges sê ook: "As jy die waarheid praat, wanneer sal hierdie belofte nou eendag waar word?"

72. Mohammed sê vir hulle: "Dit is nie onwaarskynlik dat 'n gedeelte van die straf wat julle wil hê vroeër moet kom, alreeds baie naby aan julle is, nie."

73. En waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is baie genadig en geduldig met die mensdom, maar meeste mense is nie dankbaar nie.

74. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet bo alle twyfel wat hulle in hulle harte wegsteek en wat hulle openbaar.

75. En daar is niks wat weggesteek is in die hemele en op die aarde, wat nie in die duidelike rekord aangeteken is nie.

76. Waarlik hierdie Koran verduidelik aan die kinders van Israel meeste van die aangeleenthede wat hulle betwyfel.

77. En die Koran is 'n leiding en genade vir die gelowiges.

78. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal oor hulle besluit volgens Sy oordeel, want Hy is die Almagtige, die Alwetende.

79. So, vertrou in Allah, en omdat Hy die regte weg is, volg julle die duidelike waarheid deur julle vertroue in Hom te plaas.

Allah vertroos die Profeet

80. Jy kan verseker nie die dooies maak hoor nie, so ook kan jy nie maak dat die dowes jou hoor wanneer hulle hul rûe op jou draai nie,

81. so ook kan jy nie die regte weg wys aan die blindes wanneer hulle van die regte weg afdwaal nie. Jy kan niemand dwing om na jou te luister nie: die enigste mense wat na jou sal luister is diegene wat glo in Ons geopenbaarde verse, en hulleself aan Allah onderwerp.

Die dier uit die aarde

82. En wanneer die Woord teen hulle in vervulling gaan, sal Ons vir hulle ‘n dier uit die aarde voortbring wat met hulle sal praat oor die feit dat die ongelowiges nie in Ons verse geglo het nie.

83. En onthou die dag wanneer ons uit elke nasie ‘n menigte bymekaar sal maak van diegene wat Ons verse belieg en belaster het, en Ons hulle sal aanjaag.

84. En wanneer hulle almal bymekaar is, dan sal Hy sê: “Het julle My verse belieg en belaster terwyl julle nie kundig genoeg was om dit te verstaan nie, of wat was dit wat julle gedoen het?”

85. Dan sal die Woord teen hulle in vervulling gaan as gevolg van hulle oortreding, sodat hulle nie instaat sal wees om te praat nie.

86. Het hulle nie opgemerk dat Ons die nag gemaak het sodat hulle daarin kan rus nie, en die dag sodat hulle kan sien, nie? Waarlik daar is ‘n boodskap en bewyse in dit vir ‘n volk wat glo.

87. En onthou die dag wanneer die Trompet geblaas gaan word met gevolg dat almal in die hemele en op die aarde paniekbevange sal wees, behalwe vir die vir wie dit die wil van Allah is dat hulle nie paniekbevange sal word nie*. En almal van hulle sal in nederigheid na Allah toe kom. (*K39:68)

88. En julle sien die berge wat tans vir julle so stewig en vas lyk, maar wat op daardie dag soos wolke sal vlieg: ‘n daad van Allah wat alles perfek gemaak het. Waarlik, Hy is Albewus van wat julle doen.

89. Wie ookal op daardie dag ‘n goeie daad sal aanbied, sal ‘n beloning ontvang wat meer werd is as die daad, en sulke mense sal op daardie dag geen paniek ervaar nie.

90. En wie ookal ‘n sondige daad sal aanbied, sal met hulle gesigte na die grond toe in die Vuur ingegooi word. Julle sal vir niks anders vergoed en vergeld word as net dit wat julle gedoen het, nie.

Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die stad Mekka

91. Ek is slegs beveel om die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van hierdie stad wat deur Hom gewy is te dien en te aanbid. En aan Hom behoort alles, en ek is beveel om een van die Moslems te wees, wat hulleself aan Allah onderwerp,

92. en om die Koran voor te dra: so wie ookal die regte weg volg, volg dit tot sy eie voordeel. En wat betref die een wat afdwaal, sê vir hom: “Ek is slegs maar een van die boodskappers wat waarsku.

93. En sê verder: “Alle lof kom Allah toe. Hy sal aan jou sy teken wys, dan sal jy Hom erken.” Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is nie onbewus van wat jy doen nie.